Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

13 AUGUSTUS 2017

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

OGGENDDIENS

'n "Vitality" godsdiens?
Galasiërs 3:1-6

JEUGDIENS

So *popular* soos Jesus

DEUROFFER

Kosprojek

EREDIENSTE

			13 Augustus		20 Augustus (Nagmaal)	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	4	Ds. Visagie	2/3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Prop. vdW'huizen	6	Ds. Kotze	7/8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Ds. Gericke	-
09:00	Grootsaal	Klouterkerk	Ds. Kotze	-	Ds. Breytenbach	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kleinsaal	Kruisdiens	Philipp Dietmann	12	Ds. Visagie	13

KOSPROJEK

Die kosprojek beleef 'n dringende tekort aan kosbydraes. Gee asb. bydraes van nie-bederfbare kos by die kerkkantoor af, of plaas op die wit kas onder die trap in die kerk. Kontantbydraes is ook baie welkom en kan oorbetaal word na: ABSA, Tjekrekening 145 058 0011 takkode 632005. Gebruik "kosprojek" as verwysing.

KLEINGROEPE@STELLENBERG

Ons is besig om nuwe kleingroepe (omgee-, gebeds- en Bybelstudiegroepe) in die gemeente te bou asook bestaande groepe te help ontwikkel. Indien jy belangstel om by een van die onderstaande groepe in te skakel, kan jy na afloop van vanoggend se diens by ons informasie toonbank aanmeld of die aanlyn vorm op www.stellenberg.co.za voltooi, of stuur 'n e-pos na kleingroepe@stellenberg.co.za

Gesinsgroepe / Algemene Omgee – of Bybelstudiegroepe / Gebedsgroepe / Groep vir afgetredenes / Groep vir jong volwassenes en studente / Vrouegroepe.

JEUGDAGBOEK

- Kategese en jeugdiens elke Sondag vanaf 18:00 tot 20:00.
- Senior Kategeteleiers ontmoet mekaar om 17:30 - elke Sondag.
- Sondag 13 Augustus: Jaco Strydom van Echo jeugbediening, preek tydens die jeugdiens.
- KWARTAALTEMA: *Encounter* (Ontmoeting) - met God, die kerk en met ander.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Indien jy by 'n kleingroep wil inskakel kontak asb. vir Peter 073 262 3848 of Elzanne by 074 144 9226.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00 in die Bo-vertrek.
- REACH WEEK: 14 tot 17 Augustus
- UITREIK na Pampoenkraal: Saterdag 9 September.
- BELYDENISAFLEGGING: Daar is op 17 September geleentheid om jou geloof te bely. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za om die nodige aansoekvorms aan te vra.
- GRAAD 9 & 10 KAMP: 22 tot 24 September.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

JUNIOR KATEGESE VANDAG

Al ons maats vanaf graad 1 tot 7 kom om 10:00 in die kleinsaal bymekaar. Ons vertrek saam met Geopende Deure na twee lande waar volgelinge van Jesus vervolg word en waar min mense al van Jesus gehoor het. Ons gaan die kinders van daardie lande beter leer ken en hoor hoe ons hulle kan bystaan. Bring geld saam. Daar sal oulike items te koop wees om jou aan die besoek te herinner!

BLOKDIENS VIR GRAAD R EN OUERS

Lydia-Ann Carstens, Kliniese Sielkundige kom met kinders en ouers gesels oor aanpassings wat te wagte kan wees met die oorskakeling vanaf graad R na graad 1. Sondag 27 Augustus om 09:00 in die Grootsaal.

KATEGESE LOKALE

Gr 1	Kleinsaal
Gr 2&3	Kleinsaal
Gr 4,5 &6	Kleinsaal
Gr 7	Kleinsaal
Gr 8	Jeuglokaal
Gr 9	Kerk
Gr 10	Grootsaal
Gr 11	Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

VAT VYF 23 AUGUSTUS

Vat Vyf gaan 23 Augustus na die Breytenbach-sentrum op Wellington. Dit is 'n oggenduitstappie na hulle digterstuin en teater en tee / koffie en verversings is ingesluit. Bussies vertrek 08:30 en sal 12:30 terug wees. Bespreek en betaal (R50pp) by Karin by die kerkkantoor.

AARDVERSORGING

Die volgende vier ekologie projekte is binne die gemeente geïdentifiseer: opruiming van die Kuilsrivier, herwinning, boomplanting en tuinversorging. Dit is voorstelle en kan verander word deur rolspelers wat aanmeld en 'n passie vir die omgewing het. Ons het dringend lidmate nodig wat verantwoordelikheid en leiding sal neem. Meld aan by Bremer Gericke, bremer@stellenberg.co.za

ONS NEEM AFSKEID VAN DS. GERICKE

Ons neem op Sondag 17 September tydens die oggenddiens amptelik afskeid van ds. Bremer Gericke. Die hele gemeente word uitgenooi om ná die erediens saam met hom en Erna koffie, tee en ligte verversings in die Markplein te geniet. Ons gaan op 1 September by die Bring-en-Braai-aand informeel van Bremer en Erna afskeid afneem. Sy pos sal gevul word en 'n pre-advies komitee is reeds aangewys om posvereistes te bepaal. Daar word beoog om teen November met die beroeping van 'n nuwe leraar te begin wat begin Januarie 2018 diens sal aanvaar.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van die volgende lidmate:

- Elizabeth Susanna (Bets) Botha gebore, 6/11/1923 en oorlede op 1/08/2017. Haar gedenkdiens was op 3 Augustus in Edelweiss gehou.
- Catherina Arnoldina (Arno) Beukes, gebore 22/02/1941 en oorlede op 3/08/2017. Haar roudiens was op 10 Augusts in die kapel.
- William Ferdinand (William) Maritz, gebore 14/04/1934 en oorlede op 8/08/2017. Sy roudiens was op 11 Augustus by Villa Cortona, Durbanville.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 17 Augustus om 15:00 en 15:45 uit Openbaring 15 & 16. Die laaste oordeel: Sewe engele en sewe bakke.

20 Augustus 17:30

Nagmaal uit Psalm 73: God is goed ...

WOL

Afvalwol of kontant-bydraes vir wol kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons breispan kan dit baie nuttig gebruik.

VAKATURE

CHRISMAR VILLAS

'n Vakante betrekking as assistent-verpleegster by die sentrum se verswakte afdeling.

Aansoeke kan by ontvangs te Jessiestraat 25, Chrismar, Bellville afgelewer word.

Sluitingsdatum: Vrydag 18 Augustus 2017

REFORMEREND VORENTOE

Hierdie kwartaal getuig ons as gelowiges wat God se genade vir ons beteken. Ons praat in kerktaal van *sola gratia*, genade alleen, om genade te ontvang is 'n geskenk, ons verdien dit nie. Dat God ons liefhet is nie 'n beloning nie, dis die aard van God. Elke lidmaat kry Sondag 13 Augustus 'n ***gratis gedenkboekie*** oor die Reformasie/Hervorming. Dit bevat 'n baie kort opsomming van die geskiedenis van die Hervorming en Martin Luther. Verder bevat die boekie die volledige brief aan die Romeine (die nuwe direkte vertaling) met 'n inleiding en ten slotte 'n reis in sewe fases na aanleiding van tekste uit Romeine.

NAGMAAL 20 AUGUSTUS

Op Sondag 20 Augustus vier die gemeente die Nagmaal by al die eredienste. Die tema is *Sola gratia: Versoening en genade*. Lees hierdie week as persoonlike voorbereiding 2 Kor. 5:16 - 6:2: Wat raak jou in die teks? Kan jy dit toepas op die betekenis van die Nagmaal?

VOSBURG KAROOKUIER 8 SEPTEMBER

Help asb. met die volgende:

Skenkings van produkte:
Suiker / Kaneel / Koekmeel / Eiers / Kookolie / Vla / *Crosse and Blackwell* mayonaisse. Gee asb. voor 4 Sept by kerkkantoor af.

Kontantbydraes:
Betaal asb. kontantbydraes oor na ABSA, Tjekrekening 145 058 0011 takkode 632005 met "Vosburg" as verwysing.

Helpers:
Ons het helpers by die volgende stasies nodig: Aartappelslaai, Poeding en Pannekoek. Skryf asb. jou naam op die lyste by die inligtingstalletjie (soggens na eredienste) en dui aan waar en in watter tydgleuf jy kan help. Jy kan ook vir Karen Visagie 'n sms stuur by 082 827 9389 om aan te dui waar jy kan help.

DIE DINEE MET 'N DOEL

Stellenberg Omgeetrust bied 'n veiling en ete op Donderdagaand 21 September aan ten bate van projekte soos die Echo-omgeehuis, die kleuterskool in Prins Albert, Ruyterwacht seniorhuis en vele voedingsprojekte. Individuele kaartjies, groepkaartjies of besprekings van 'n tafel is beskikbaar. Bespreek jou plek by feesmark@stellenberg.co.za Indien jy 'n geskenk / prys kan borg, kontak asb. vir Adri du Randt by 082 936 4804.